THE BLUEPRINT

Paarl Boys' High 2017

Volume 2, Issue 4

THE BLUEPRINT

Inhoud:

Redakteursbrief	3
Musiek: Die bron van psigiese en fisiese gesondheid.	4
Jamming to Milky Chance	6
Forgotten legends of PBHS: Die melodieë wat op skool reeds bekoor.	7
Fotodagboek	8
Die geskiedenis van die elektriese kitaar	9
Leerderopstel: Ons is nie alleen nie …	10
Leerderopstel: Kies jou skoene reg	11
Onderwyseropname oor musiek	12

Redakteur: Fryhoff du Toit

Subredakteur: Jaco Mostert

Grafika: Jaco Visagie

Joernaliste: Christiaan Fisher
Wade Solomon
Dian Jacobs
Stephan Stofberg
Henricus Basson
Benje Viljoen

Fotografie: Juf. P. Terblanche
Juf. D. Redelinghuys

Proeflees: Juf. M. Visagie

Fasiliteerder: Mnr. K. Bezuidenhout

Redakteursbrief

Musiek kan beskryf word as die organisasie van klank in tyd. Dit is egter veel meer as net dit. Musiek het die amper magiese vermoë om menslike denke te beïnvloed. Dink maar aan hoe die interskole liedjies mens kan aanmoedig en terselfdertyd koue rillings gee. Rustige klassieke musiek kan weer, volgens studies, die luisteraar kalmeer en kreatiewe denke bevorder. Dít alles getuig van die krag van musiek op menslike emosies. By die skool word dié krag gebruik om tradisies saam te snoer. Saal word altyd geopen met die volkslied en afgesluit met die skoollied. Dít is belangrik, dit lê tradisie vas.

Musiek is so deel van die Hoër Jongenskool dat dit amper onmoontlik is om die twee heeltemal van mekaar te skei. Musiek, van die ou rockliedjies wat die Interskole-*band* elke jaar speel tot die blaasorkes se musiekstukke, is ’n groot deel van ons identiteit.

Die oudstudente verteenwoordig die skool ook baie goed in die musiekindustrie. Een voorbeeld is die indie-rockgroep, Spoegwolf, se onlangse sukses met hul Ghoema-prys vir die beste alternatiewe album. Hierdie prestasie maak die Hoër Jongenskool se musikante van die beste. Al die lede van Spoegwolf is oudleerders van HJS. Die folk-rockgroep, Jackal and the Wind, is nog ‘n belowende orkes van oud-HJS-leerders. Alhoewel hulle nog nie die hoofstroom getref het nie, is hul musiek van topgehalte.

Soos julle dus kan sien, is musiek diep verweef met die HJS. In hierdie uitgawe fokus ons bietjie op musiek. Ek hoop dat u dit interessant en pittig sal vind en mag julle ‘n geseënde feestyd en ‘n voorspoedige nuwe jaar hê!

HJS-groete

Die Redakteur

Fryhoff du Toit

Musiek:
Die bron van psigiese en fisiese gesondheid.

Deur Christiaan Fisher

Musiek is die stem van jou siel, jou gevoelens, emosies en fisiese welstand. Die tipe musiek waarna jy luister, toon jou tipe karakter aan almal rondom jou. Musiek beïnvloed die psigiese en fisiese aspek van alle mense wat daarmee in kontak kom. Dit kan onbewustelik ‘n enorme uitwerking op jou algemene gesondheid hê. Daarmee wil ek sê dat as musiek nog nie só ‘n groot rol in jou lewe tot dusver gespeel het nie, jy dalk die doel van musiek in jou lewe moet heroorweeg, want jy mis dalk iets besonders of ontdek dalk talente wat jy nooit sou dink jy het nie.

Daar is met navorsing bewys dat musiek die produksie van die teenliggaam immunoglobulien A, wat kieme en siektes wat in jou selle voorkom en help bestry, bevorder. Deur na musiek te luister of selfs fisies musiek te maak, kan jy jou kortisol– of streshormoonvlakke verlaag. Studies het, volgens die “British Journal of Psychiatry”, bewys dat wanneer musiek as terapeutiese middel gebruik word, dit kan help om mense se depressievlakke af te bring en te stabiliseer. Musiek kan ook jou algemene geestesgesondheid verbeter deur klassieke en positiewe vorme van musiek in jou daaglikse lewe te inkorporeer.

Musiek kan ook dien as ‘n tipe pynstiller vir pasiënte wat aan pynlike siektetoestande ly of as ‘n vorm van medikasie vir mense wat aan geestesiektes ly. Dit is vanselfsprekend dat musiek mense kan motiveer om hulself harder te druk, hul uithouvermoë te toets en om beter te presteer op akademiese vlak of tydens fisiese oefening. Studies toon dat musiek die herstelproses na jy geoefen het, kan bevorder. As jy sukkel om aan die slaap te raak, is dit dalk ‘n goeie idee om na klassieke musiek te luister voordat jy die meer radikale opsies, soos byvoorbeeld voorgeskrewe slaappille, oorweeg. Daar is bewys dat klassieke musiek help met die afskakeling van die aktiewe deel van die brein. Dit klink na ‘n baie gesonder langertermynoplossing as medikasie!

Bron: https://image.freepik.com/

Bron: https://www.psychologies.co.uk

Musiek verbeter verder ook die bloedvatfunksie. Wetenskaplikes het bevind dat die emosies wat pasiënte ervaar terwyl hulle na musiek luister, 'n gesonde effek op die bloedvatfunksie en bloedvloeistelsel het. Musiek het alle studiedeelnemers gelukkiger gemaak en het gelei tot verhoogde bloedvloei in hul bloedvate.

Musiek het ook ‘n groot invloed op jou kognitiewe vermoëns wanneer jy take onder druk moet voltooi . Dit help met effektiewe tydsbestuur en om te prioritiseer.

Oor die algemeen kan mens dus aflei dat musiek jou algemene houding teenoor jou daaglikse aktiwiteite asook stresvolle situasies op ‘n positiewe manier beïnvloed. Musiek is iets wat almal in gemeen het, of jy net daarna luister of jou talent daarvoor uitleef of daarvan hou om soggens in die stort te sing. Musiek is die gemene deler wat ons lewens op ‘n goeie wyse beïnvloed. Dit is daarom belangrik dat hierdie wêreldwye bate bly voortleef in almal se lewens, omdat dit reeds so ‘n groot rol daarin speel. Ek meen, hoe vervelig is ‘n fliek sonder klank en musiek om ‘n spesifieke atmosfeer te skep?

Bron: https://gigaom.com/

Al wat musiek van ons vra is om dit te ondersteun en help voortleef en die res gebeur vanself. Ons het onmenslik baie voordele wat dit vir ons aanbied, psigies en fisies. Almal kort musiek om deur die lewe te kom en dit is onregverdig om mense daarvan te ontneem, omdat dit dalk die enigste vorm van geluk en ondersteuning in party se lewe is.

Aanmoediging om die liefde vir musiek met ander te deel is onnodig, omdat ons almal wat deel vorm van die groot borrel waarin musiek voorkom, klaar iets in gemeen het. Daardie liefde kom onbewustelik by elkeen voor, of jy dit wil erken of nie.

Jamming to Milky Chance

by Wade Solomon

Milky Chance receiving Best Single at the 1Live Krone radio awards (via comons.wikimedia.org)

Flashed Junk Mind, Stolen Dance, Sadnecessary, these are all amazing songs from a truly talented duo of young artists. This group is beginning to take the world by storm and truly show everyone what a group of young musicians can do.

No one is exactly sure when Milky Chance actually began, considering the two main members, Clemens Rehbein and Philipp Dausch became friends at a high school in Kassel, Germany. They both finished their schooling there in 2012. They originally started as a more traditional band with a guitar player, bass player and a drummer. After the band broke up, Rehbein and Dausch decided to continue collaborating. These two then started combining electronic equipment with their acoustic guitar and their own vocals. No one is too sure what genre their music falls under, some describe it as reggae, others describe it as folk, indie, electronic and even alternative rock.

Milky Chance performing in a recording studio (via gwradiomusic.wordpress.com)

By April 2013, after two live events, Milky Chance had recorded their first single, *Stolen Dance*. The two band members considered their first song as a potential flop but didn't realise how successful this song would eventually become. *Stolen Dance* was probably the best start that a band, such as Milky Chance, could have. It catapulted to the top of the charts in several countries including Austria, France, Belgium and many more. It even won the Best Single at the 1LIVE Krone radio awards .

Milky Chance then launched their first album, *Sadnecessary,* in October 2013 which featured songs such as the aforementioned *Stolen Dance and Sadnecessary* and others such as *Down by the River*. This album was highly praised and even won the Best Album award at the European Border Breakers Awards. One of the songs that featured in this album, *Down by the River*, was also used by Electronic Arts in the very popular game FIFA 15 which allowed Milky Chance the opportunity to increase their fan base even further.

Milky Chance is really creating amazing music that manages to calm people down within just a few moments of listening. Their style is currently unrivalled in the music scene thus allowing Milky Chance to reach new heights. This is definitely not the last time you will hear the name Milky Chance.

Forgotten legends of PBHS

Die melodieë
wat op skool reeds bekoor.

Deur Dian Jacobs

Die melodieë wat op skool reeds bekoor het, lei soms daartoe dat sekere oudstudente hulle uiteindelik in die musiekbedryf onderskei.

Bron: http://piercloete.com

Hanru Niemand, wat in 2000 'n matrikulant aan die Hoër Jongenskool Paarl was, was in 2005 'n finalis in die ATKV-Crescendo-kompetisie. Hy het reeds drie ateljee-albums opgeneem waarvan een van sy liedjies in Russies en Fins vertaal is. Verder het dié sanger/liedjieskrywer van die Boland sedert 2003 stil-stil vir homself naam geskep onder musiekkenners en spog met `n klein kultus-aanhang wat strek van die Kaap tot diep in die Noorde.

Onder diegene wat hul musiek ken, is Niemand bekend vir sy meesleurende musiek en skerp, fyn lirieke. Hoewel dit moeilik is om sy styl te klassifiseer, is sterk folk-elemente teenwoordig en word hy dikwels beskryf as van die beste hedendaagse voorbeelde van Afrikaanse folk.

Meneer Tom Engela se opmerking sal ook weerklank vind by elkeen wat die musiekdepartement ken en liefhet: "Die beoefening van musiek by die Hoër Jongenskool is vandag 'n meer getemperde verfyndheid en 'n aanvaarbare deel van 'n sofistikasie van beskaafdheid wat in die wye etos van die skool weerspieël word. Die skoolorkes wat alreeds 'n imponerende graad van professionaliteit bereik het, speel nog steeds soggens by die saalgeleenthede en skoolfunksies en die skoolkoor tree met die rustige gekultiveerdheid van ingeoefende musikaliteit op - maar as ek na hulle luister, kan ek my beswaarlik daarvan weerhou om te fluister: 'Besonder bedonderd!'"

FOTODAGBOEK

Die geskiedenis van die elektriese kitaar

Deur Stephan Stofberg

Seker een van die mees herkenbare klanke in die moderne geskiedenis is die geskree van die elektriese kitaar. Almal het seker al op ‘n stadium van hulle lewe die begeerte gehad om ‘n sogenaamde rockster te wees en die instrument te bespeel wat sinoniem is met die naam, maar het jy al ooit gewonder wie dit uitgevind het? Wie het dit eerste bespeel het en wie het dit populêr gemaak?



Bron: https://en.wikipedia.org

Die kitaar, wat tot die uitvinding en verbetering van die elektriese kitaar eintlik maar ‘n agtergrondinstrument was, is seker een van die prominentste instrumente van die modern era. Verskeie mense en maatskappye is van mening dat hulle verantwoordelik is vir die eerste elektriese kitaar, maar niemand is heeltemal seker wie werklik die eerste een vervaardig het nie. Ons weet wel dat baie mense in die vroeë 20ste eeu begin eksperimenteer het met elektriese snaarinstrumente.

Elektriese kitare is oorspronklik ontwerp deur akoestiese kitaarmakers en instrumentvervaardigers. Sommige van die vroegste elektriese kitare het hol akoestiese instrumente aangepas en wolfram-bakkies gebruik. Die eerste elektries versterkte kitaar is in 1931 ontwerp deur George Beauchamp, die hoofbestuurder van die *National Guitar Corporation*, met Paul Barth as visepresident.

Die behoefte aan die versterkte kitaar het gedurende die *big band*-era ontwikkel aangesien orkeste in grootte toegeneem het. Akoestiese kitare kon eenvoudig nie met groot, harde koperblaasseksies meeding nie. Vroeë elektriese kitaarvervaardigers sluit in Rickenbacker in 1932, Dobro in 1933, Nasionale, AudioVox en Volu-tone in 1934, Vega, Epiphone en Gibson in 1935 en vele ander teen 1936.

Die vroegste gedokumenteerde optrede waar daar van ‘n elektriese kitaar gebruik gemaak is, was in 1932 deur die musikant, Gage Brewer. Baie jare later in 2017 is die elektriese kitaar selfs nog meer populêr in amper elke liewe musiekgenre denkbaar.



Ons is nie alleen nie …

Deur Henricus Basson

Ons is die kinders met verbleikte name. Ons is die kinders wat verdwyn tussen die skare. Ons is die kinders wat altyd raak gesien word as ‘n enkele ding, maar eintlik is ons soveel meer …

Ons is die kinders wat elke oggend die stilte van die verwaarloosde skoolgange waardeer, die kinders wat die gillery en gekletsery van die alledaagse uitsny, die kinders wat mekaar in die dowe stilte raaksien. Ons is die kinders met onsigbare passie.

Ons is die kinders wat agter in die hoek sit en boeke lees. Ons verdwyn na ‘n gedagtewêreld van kreatiewe denke, idees en verhale. Die blaai van elke bladsy stimuleer ons (ir)rasionele denkwyse, al dink hulle ons is van ons sinne beroof.

Ons is die kinders wat op ‘n Saterdagmiddag eerder die asemrowende reuk van vars koffiebone wil beleef, as om die nuutste gier te omhels. Ons verval na ‘n persoonlike ruimte, waar ons droomwêreld oorneem en meer troos verskaf as die onomkeerbare realiteit. Ons is die kinders wat meer ruik, proe, hoor, sien en voel as die meeste ander, sonder om die gemak van die koffie en die boek te verlaat.

Ons is die kinders wat op ‘n Maandagoggend eerder die sonsopkoms sal raaksien, as om oor die naweek se rugbywedstryd te praat. Ons is die kinders wat luister voor ons optree. Ons is die kinders wat as stil, teruggetrokke en vervelig voorkom, maar agter dié laag lê daar ‘n passie vir die lewe. Ons hoor hoe raas die stilte. Ons is die kinders wat lawaai maak in ons gedagtes.

Ons is die kinders wat weet wie ons is. Ons weet wat ons doen, hoe ons is en dat hoe ons voorkom, nie vir ander aanloklik is nie. Ons is die kinders wat op ander maniere funksioneer. Ons is van ander sagteware saamgestel en ons besef dit. Ons besef dit en probeer nie onsself aweregs programmeer om die behoeftes van ander te bevredig nie. Ons is die kinders wat tevrede is met wie ons is.

Ons is die kinders wat verdwyn in die skare. Ons is die kinders met verbleikte name. Ons is die kinders. Ons is die … Ons is. Ons … ons is nie alleen nie.

Kies jou skoene reg

Deur Benje Viljoen

Vir my is skoene nie net ‘n vorm van vervoer nie, maar ‘n simbool wat jou leefstyl en houding teenoor die lewe adverteer.

Jou leefstyl en houding teenoor die lewe kan gesien word as ‘n uitstappie na die skoenwinkel toe. Jy moet skoene kies wat reg gaan wees vir die roete wat jy beplan om te stap in die lewe. Wil jy die mooi, maar moeilike en gevaarlike bergpad stap of die maklike, maar lelike pad langs die strate van die stad?

Jou vriende en familie is die metaforiese skoene van die lewe. Gaan jy ‘n goedkoop skoen koop wat nie lank gaan hou nie en moontlik gaan seermaak? Gaan jy die verkeerde vriende kies of gaan jy ware vriende kies wat jou gaan help oor die rotse en deur die dorings? Jy soek mense in jou lewe wat jou gaan help om die moeilike roetes te stap. Jy moet jou vriende reg kies vir die pad wat jy wil stap, want jy gaan nooit plaas toe met plakkies aan nie.

Jou vriende en familie is soos die skoene aan jou voete wat jou beskerm teen die harde werklikheid met al sy gevare waarin ons leef. Wil jy sukses behaal in die lewe en uitstaan bo ander of wil jy net ‘n gemiddelde leefstyl leef soos die meerderheid mense in die samelewing?

Die winkel maak oor vyf minute toe en jy moet ‘n belangrike besluit maak … *tekkies* of *sneakers*?

Onderwyseropname oor musiek

Deur Herman Snyman

Die onderwysers het ‘n vraelys met vrae voltooi. Die vrae was: Wat was jou gunsteling-liedjie as tiener en wie was die sanger? Wat was die eerste kasset/langspeelplaat/CD wat jy vir jouself gekoop of as geskenk gekry het? Op watter liedjie het julle as getroudes die dans-baan geopen? Na watter radiostasie luister jy in jou motor? Wat is tans jou gunsteling-liedjie? Hier volg hulle antwoorde!

Mnr. Swart

1. Baker Street – Gerry Rafferty & Smoke on the water – Deep Purple
   Ek het eintlik van alles gehou behalwe “bubblegum”-musiek
2. Langspeelplaat: Donovan’s Greatest Hits
3. Love is a beautiful song – Dave Mills
4. RSG – luister eintlik net na CD’s en MP3’s
5. Tube Snake Boogie – 22 Top. Weereens hou ek van alles Rocky of Bluesy.

Mnr. Kühn

1. Daar was heeltemal te veel.
2. Ek dink dit was 'n Louis Amstrong-plaat gewees.
3. Here comes the sun - Beatles
4. FMR 101.3 of KFM
5. Jy kan nie dit vir musiekonderwysers vra nie, jy gaan hulle breek!

Juf. Visagie

1. Silence is Golden - The Tremeloes
2. Langspeelplaat: Jacques Brel se 'Ne me quitte pas'.
3. Ons het graag gedans, maar ons het nie op ons troue 'n dans gehad nie.
4. RSG; Kaapstad se omgewing na FMR (Fine Music Radio)
5. Schubert se An die Musik

Mev. C. Jansen van Rensburg

1. You're my #1 - Enrique Iglesias
2. Jurie Els (ek was BAIE jonk)
3. 'n Onbekende liedjie van Vaughan Gardner wat ons op 'n 'random' CD gevind het. Weet tot vandag nie die naam van die liedjie nie en NIEMAND het dit nog ooit herken as ons dit vir hul speel nie. Ongelooflike mooi woorde en so spesiaal dat dit tot 'n mate net ons s'n is.
4. RSG
5. Despacito

Mnr. Rust

1. Poker Face - Lady Gaga
2. Michael learns to rock
3. Komposisie van 'n vriend - Eie woorde
4. Bokradio
5. Despacito

Mnr. Nortjé

1. Swing-Swing van All American Rejects
2. Now 33
3. Steve Moakler - Hesitate
4. Good Hope FM, maar luister selde radio. USB of AUX!
5. Swish-swish

Tannie Mari

1. Enige ABBA-musiek!
2. Langspeelplaat: Sound of Music
4. Bokradio; RSG
5. Enige ABBA-musiek!

Mnr. Barnard

1. Ma Belle Amie - Tee-Set
2. 'n Seven single met Carol OK van Chris Andrews
3. Het nie gedans op troue nie.
4. MW 567 of 729 Bokradio; RSG
5. Sugar Man - Rodriguez

Mnr. Van Zyl

1. Beds are burning - Midnight Oil
2. 1ste CD in matriek, 1996 - Midnight Oil
3. Islands in the stream van Beegees
4. My karradio werk nie.
5. Kryptonite van 3 Doors Down

Mnr. Mostert

1. Fernando - ABBA
2. Gé Korsten - Treffers
3. Love changes everything
4. RSG; KFM; Bokradio
5. Dreams are made to last forever - Dana Winner

Mev. Von Mollendorf
1. Skater Boy - Avril Lavigne
2. Bryan Adams (So far so good)
3. The way you look tonight - Steve Tyrell
4. RSG; KFM; Radio 2000 (as daar krieket op is) :)
5. Daar is te veel! Ek luister nie eintlik moderne musiek nie. Kom ons sê "Jasper" van Laurika Rauch.

Tannie Margie
1. Sweet Caroline - Neil Diamond
2. Hot August Night - Neil Diamond
3. Love is a beautiful song
4. Bokradio
5. Feeslied - Steve Hofmeyer

Mnr. Strauss
1. The Pilgrim Chapter 33 - Kris Kristofferson
2. Cold Fact - Rodriguez
4. Meestal RSG
5. Road to Agadir - Mike Batt

Mrs. Mc Farlane
1. Living on a prayer - Bon Jovi
2. CD: OMD (Orchestral Manoeuvres in the Dark)
3. Thank you for loving me - Bon Jovi
4. 5FM
5. Thunder - Imagine Dragons

Mnr. Van der Merwe
1. Immigrant song van Led Zeppelin
2. CD - REM se Automatic for the People
3. Nic Cave se Breathless
4. 567AM Cape Talk
5. Since I've been loving you - Led Zeppelin

Mnr. Nel
1. Summer of 69 - Brian Adams
2. Herman Holsthauzen - Transkaroo
3. Under the Boardwalk
4. Bokradio
5. Toe vind ek jou

Mnr. Cloete
1. Unforgiven - Metallica
2. Roxette - The Look
3. Making memories of us - Dozi/Keith Urban
4. Bokradio/Smile
5. Ai my lam - Ryno Velvet

Mev. Hamer
1. Smoke on the water - Deep Purple
2. Uriah Heep as geskenk gekry (tot my ma se onsteltenis) - Free me
3. (HAHA) Help me make it through the night - John Hoit (gesing deur Kris Kristofferson)
4. Bokradio / Smile (luister nie eintlik nie)
5. The Cross has the final Word - Cody Carnes

Mrs. Theunissen
1. Gold Digger - Kanye West / Taranangi Junkie - Lukraaketaar / Super Evil - Max Normal
2. Dit was 'n Dvorak-CD wat my klavierjuffrou vir my gegee het. Maar ek was 'n baie geesdriftige Avril Lavigne-aanhanger.
3. Home - Edward Sharpe and the Magnetic Zeros / Whatever you like - Anya Marina / Ho hey - The Lumineers
4. Ek luister na my Roadtrippin' playlist.
5. Hey ya - OutKast (Ek gaan nooit ophou hou daarvan nie; dit gaan altyd cool wees.)

Mnr. Visagie
1. Hey Jude - The Beatles
2. Summer Holiday - The Beach Boys
3. The Piano Man - Billy Joel
4. SAFM - especially in the morning when I drive to school
5. I wonder - Rodriguez

Mev. A. Fourie
1. All over the world - Francoise Hardy
2. ABBA - Greatest Hits
3. Wals van Johann Strauss
4. RSG
5. Hallelujah - Leonard Cohen & Enige liedjie van Edith Piaf

Oom Johnnie
1. Boesmanland - komponeer deur my oupagrootjie, Piet Albert van Niekerk, te Uilkolk, Brandvlei (die jaar 1893)
2. Cosy at midnight - Shadows
3. Love is a Beautiful Song
4. RSG
5. Dit sal altyd "Boesmanland" bly!!!